



PASIËNT INLIGTINGSBROSJURE

ATOPIESE EKSEEM/DERMATITIS

- Atopiese ekseem, andersins bekend as atopiese dermatitis of infantiele ekseem, is 'n chroniese, terugkerende, jeukerige uitslag/velsiekte.
- Die vel van 'n persoon met atopiese ekseem reageer maklik met irriteermiddels, en omgewingsallergene (katte/honde/stofmiete) word rooi, skilferig en baie jeukerig en is vatbaar vir infeksies wat deur bakterieë veroorsaak word.
- Die vel en die buigingsoppervlakte van die gewrigte (byvoorbeeld die binnekante van die elmboë en knieë) word mees algemeen aangetas.
- Atopiese dermatitis gaan baie maal saam met ander atopiese siektes soos neusontsteking, asma en allergiese konjunktivitis.
- Dit is 'n oorerflike toestand.
- Atopiese dermatitis in ouer kinders en volwassenes word gereeld met psoriasis verwar.
- Hoewel atopiese ekseem nie geneeslik is nie, kan dit doeltreffend behandel word deur 'n kombinasie van voorkoming (leer wat die allergiese reaksies veroorsaak) en geneesmiddel terapie.
- Atopiese dermatitis begin mees algemeen op 'n jong ouderdom/as baba en mag in volwassenheid voortduur.
- Dit begin gewoonlik in die derde lewensmaand as 'n tranerige uitslag in die gesig en buitenste oppervlaktes van die arms en bene en versprei dan wanneer die kind ouer raak as 'n droë, skilferagtige, jeukerige uitslag wat algemeen in die binneste voue van die elmboë en knieë voorkom.
- "Dit is nie die uitbarstings wat jeuk nie, maar die jeuk wat uitbars".

VOORKOMING

Dieet:

- Maak die voorkoming van allergie 'n instelling by pasgebore babas met 'n hoë geneigdheid tot allergieë. Dit sluit in dat swanger vroue nie tydens swangerskap of na geboorte en tydens borsvoeding moet rook nie, tot die baba ten minste 4 maande oud is.
- Omtrent 30% van kinders met ekseem sal voedselallergieë ontwikkel. Dit kom gewoonlik voor by jong kinders met erge, ongekontroleerde ekseem, maak kan ook by kinders met minder ernstige ekseem voorkom.

- Dit is belangrik dat 'n behoorlike diagnose van voedselallergie gemaak word voordat die dieet van 'n jong kind verander word. (Sien brosjure omtrent voedselallergie.)

Klere:

- Kinders moet warm humiede en koue droë weer, oormatige sweet, wol of sintetiese klere naby die vel en geparfumeerde sepe vermy.
- Katoenonderklere, klere en beddegoed word aanbeveel.

Wasgoedseep/velirriteermiddels:

- Nie-biologiese waspoeier moet gebruik word, en wasgoedversagmiddel word nie aanbeveel nie. Borrelbadseep, huishoudelike ontsmettingsmiddels en geneeskragtige sepe moet liewers vermy word.
- Swembadchloor kan ook die vel irriteer en uitdroog.
- Plaaslike huishoudelike stowwe wat die vel irriteer sluit wol, bokhaar, nylon en vere in.
- Huisstofmiete sowel as honde en katte kan ekseem vererger.

Was:

- Badwater moet loutwarm wees en 'n bevochtigende middel moet binne 3 minute nadat die vel drooggedruk is, aangewend word (die vel moet nooit drooggevryf word nie).
- Gebruik ongeparfumeerde sepe.
- Indien ongeparfumeerde sepe die vel irriteer, kan akwaroom probeer word.
- Hare moet oor die bad of wasbak gewas word om te verhoed dat die sjampoe in kontak met die vel kom.

Aandroetine:

- Bedek soveel as moontlik van die vel met nie-allergeniese, liggewig katoenkledingstukke, maar wees versigtig om nie te veel klere aan te trek en te warm te kry nie.
- Katoenhandskoene en kortgeknipte vingernaels kan verhoed dat die persoon baie krap.
- Elomboogspalke mag moontlik aangesit word, om die onhanteerbare krap gedurende die nag te staak.
- Indien 'n allergie vir huisstofmiete teenwoordig is, gebruik miet-okklusiewe beddegoed.

Inentings:

- Roetine kinderinentings moet toegedien word.
- Praat met jou dokter indien jy enige bekommernisse omtrent hierdie inentings het.

BEHANDELING

Bevogtigers/vogmiddels:

- Bevogtigingsrome en salwe, die staatmaker van ekseembehandeling, is veilig en moet verskeie kere per dag ruim aangewend word, om die vel te bevochtig en te beskerm.

- Sommige mense vind dat produkte hulle vel irriteer; indien dit gebeur moet ander produkte probeer word. Verskillende vogmiddels sluit geëmulgiseerde salf (HEB), cetomacrogol, Ultrabase en Oilatum room in.
- Koolteer word soms aangesmeer om verdikte vel te behandel.
- Akwaroom moet nie as 'n bevochtigter gebruik word nie.

Kortisoön-/Steroïedrome:

- Hierdie lewer vinnige verligting en word vir kort tydperke gebruik om die ekseem se uitbarstings te beheer.
- Dit kan ook vir langer tydperke gebruik word, indien dit in 'n geneesmiddel verdun word, en in sulke gevalle moet behandeling geleidelik verminder word.
- Die langtermyn gebruik daarvan kan tot die verdunning van die vel lei.
- Kortisoontablette of inspuitings word nie aanbeveel nie, en hoewel dit verbygaande verbetering kan voorsien, kan dit veroorsaak dat die ekseem vererger.

Antibiotika:

- Ekseemleiers is meer geneig tot velinfeksies (bakterieel, fungaal en viraal, insluitende die algemene vrat!)
- By geleentheid kan antibiotiese rome en mondelingse antibiotika voorgeskryf word om geïnfekteerde ekseem te behandel, wat kan lei tot 'n skielike ontwikkeling van rowe, uitsypeling en rooiheid van die vel.

Antihistamine:

- Die ouer verdowende-tipe antihistamientablette of stropie soos Aterax mag die jeukery verlig, vernameam in die nag.
- Antihistamienrome affekteer die vel, en daar is 'n moontlikheid dat die pasiënt allergies kan wees vir die room.

Vir verdere inligting, besoek: http://en.wikipedia.org/wiki/Atopic_dermatitis

OUTEURSREG: ALLERGIE-GENOOTSAP VAN SUID-AFRIKA

2013



Vertaling deur CIPLA geborg